

28 November

Skrifgedeelte: Jesaja 24-25

Fokusgedeelte: Jesaja 24:21-23

Die Here se oordeel kom

Jesaja 24-27 is 'n aparte deel van die boek. Die eerste deel (Jesaja 1-12) het skerp gefokus op God se volk in die tyd van die profeet self. Die tweede deel (13-23) het veral oordeel oor die ander volke aangekondig - iets wat in die toekoms sou gebeur. Jesaja 24-27 kyk nóg verder die toekoms in. Die gedeelte fokus op die eindtyd, op die oordeel en verlossing wat in die verre toekoms sal kom. Alhoewel die gedeelte ook 'n boodskap gehad het vir die mense van die profeet se tyd, handel die gedeelte nie oor dinge wat in die profeet se leeftyd gaan gebeur nie. Dit handel oor dinge wat verder in die toekoms lê. Vir die mense van sy tyd wil hy moed gee deur te wys dat die toekoms, die afloop van alle dinge, in God se hand is. Die profeet wys die mense op die oordeel wat sou kom. Aan die einde van die tyd gaan al die magte wat teenoor God gestaan het onder God se oordeel deurloop. Die regeerders van die wêreld het hulle eie gode geskep. Die mense wat op daardie gode vertrou het, sal beskaamd staan as God se oordeel kom. God se mag sal duidelik wees vir sy kinders en vir alle mense. In Christus weet ons dat ons nooit die eindoordeel hoef te vrees nie. Ons sondes is vergewe. Wanneer die finale oordeel kom, sal ons altyd by die Here wees.

Sing: Psalm 68:1,2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)